

SONDAG 1 MAART

SKRIFGEDEELTE: FILIPPENSE 4:2-9

FOKUSGEDEELTE: FILIPPENSE 4:2-4

Klemens – “Fokus op God ... en Hy sal jou fokus”

Dis belangrik vir die Koninkryk van God om op die regte dinge gefokus te wees. Paulus sit in die gevangenis, en tog skryf hy dat gelowiges in alle omstandighede moet bly wees deur op God te fokus.

Daar is baie dinge wat die aandag van gelowiges van God kan aftrek en blydschap in Hom laat verdwyn. In hierdie gemeente was dwaalleraars aan die werk en daar was onderlinge twis. Euodia en Sintige was gedurig aan die twis. Daar is Paulus se getroue medewerker (dalk “Suzugos”: getroue medewerker) wat nie meer met die twee susters wou saamwerk nie. Paulus vermaan hulle daarom dat hulle sake onder mekaar moet regmaak, en dan moet hulle op die hoofsaak fokus. Die hoofsaak is “die susters het saam met my die stryd gevoer in diens van die evangelie”.

Dit is ons fokus. Die evangelie is die goeie nuus van Jesus Christus se aanvaarding van sondaarmense, sy redding van sondaarmense en sy vernuwing van sondaarmense. Die uitdra van die evangelie het drie eienskappe: a) ons het medewerkers, b) ons staan in diens daarvan, en c) dit is ’n stryd.

Paulus noem dat daar meer gelowiges was wat saam met hom in diens van die evangelie gestry het, baie se name noem hy nie, maar daar was “Klemens”. Al wat van hom bekend is, is dat hy saam in diens van die evangelie gestry het ... en dat sy naam in die boek van die lewe opgeteken staan.

Hoe bekend is jou naam in koninkrykskringe? Weet mede-koninkrykswerkers wie jy is? Is jy bekend vir jou twis, of omdat jy nie wil saamwerk nie? Wees liever net die onbekende medewerker Klemens, op God gefokus en ... wie se naam in God se boek opgeteken is.

Sing: Psalm 25: 6 (Totius)

Ds. A (Attie) Venter (Pretoria Annlin)